1991

## OP PAD NA DIE NUWE SUID-AFRIKA :

### MOET ONS BLY OF MOET ONS GLY? ONS MOET GLY[1)]

Niemand hou daarvan om die draer van 'n slegte tyding te wees nie. Ek ook nie. In die Griekse mitologie is die daraers van slegte tydings onthoof. Sedertdien verg dit nogal groot dapperheid (of onverskilligheid) om "slegte nuus" oor te dra. Selfs Sosiaal Wetenskaplikes - wat probeer om, indien nie objektief nie, ten minste eerlik te wees - deins daarvan terug. Hulle wil nie graag daarvan beskuldig word dat hulle alarmisties is selfs al verg die omstandighede dat hulle met trompet alarm sal maak nie.

Terwyl die donkerte op Suid-Afrika toesak en hoffilosowe hulle hoop vestig op scenarios en op Pres. De Klerk wat 'n Sonsopkoms in die Suide gaan "deliver", het dit tyd geword om aan al die ware én die aspirant Juppies te sê: **The Game is Up.** Julle sal moet gly. Julle het geen ander keuse meer nie. Ek het eweneens geen ander keuse as om te sê: **The Game is Up.** Ons sal <u>moet</u> gly. Hoe gouer ons gly hoe beter vir ons almal se saligheid.

Ek wonder of u by benadering besef hoe ernstig die krisis is waarin die Suid-Afrikaanse ekonomie beland het vanweë apartheid én vanweë internasionale isolasie en disinvestering. Natuurlik moet ons Westerse lande verkwalik oor hoe hulle die kwesbare Suid-Afrikaanse ekonomie met sanksies en disinvestering beskadig het. Maar ons mag nooit nalaat om ook die NP-regering te verwyt nie. Die NP-regering het vir 15 jaar hardnekkig volgehou met sy apartheidsbeleid en dit moreel bly verdedig, terwyl dit vir enigeen wat oë het om te sien, duidelik was dat sanksies en disinvestering ondraaglike ellende in Swart geledere skep en besig was om die ekonomie onherstelbaar te skaad. Die lede van die Botha-regering - en dit sluit op een of twee na al die ministers van die De Klerk-regering in - het uitdagend aan die Westerse

---

1) Bydrae van S J Terreblanche by die Outydse Skooldebat wat onder beskerming vn die Studenteraad op Maandag 18 Maart 1991 in Stellenbosch plaasgevind het.



wêreld gesê "Do your damnedest - If necessary we will go it alone, economically". En byna al die huidige Ministers - De Klerk inkluis - het geduldig, gedienstig en gedweë geswyg toe hierdie soort bravade deur P W en Chris en Pik verkondig is. Maar terwyl die Botha-regering sy uitdagende houding teenoor die wêreld gehandhaaf het, is die Suid-Afrikaanse ekonomie bykans onherstelbare skade berokken en is miljoene Swartmense in ondraaglike armoede gedompel.

Weet u hoe vrot die stand van die Suid-Afrikaanse ekonomie is ná dekades van Apartheid en Sanksies én Burokratiese bevoordeling én politieke patronaatnetwerke? Oor die afgelope 16 jaar ervaar ons kruipende armoede. Die reële per kapita-inkome daal reeds vir 16 jaar met gemiddeld sowat 1 persent per jaar. Uit 'n potensiële arbeidsmag van 14 miljoen kan 5 miljoen nie werk in die moderne sektor van die ekonomie kry nie. Dit word beraam dat minstens die helfte van die bevolking nie aan hulle Basiese Menslike Behoeftes kan voldoen nie - dit beteken dat sowat 70 persent van die Swartes onderkant die sg. broodlyn lewe in 'n land waar uitspattige lewenspeile gehandhaaf word. Sedert Augustus 1985 het $30 000 miljoen die land uitgevloei en buitelandse beleggers is steeds besig om hulle aan Suid-Afrika te onttrek.

Vanweë Verwoerd se Grand Apartheid-droom om hier 'n Wit Ekonomie te bou wat onafhanklik van Swart-arbeid sou wees, is 'n oordrewe kapitaal-intensiewe ekonomie opgebou wat ons slaafs afhanklik gemaak het van buitelandse kapitaal. Hoe ironies is dit nie dat die Verwoerdiaanse Wit Ekonomie wat onafhanklik van Swart-arbeid moes wees, se Achilleshiel toe juis geleë was in disinvestering.

Om weer 'n groeikoers van 5,5 persent per jaar te kan handhaaf, het ons 'n invloei van minstens $12 000 miljoen <u>jaarliks</u> nodig. Gaan ons naastenby hierdie soort bedrae kry, selfs al vra Mnr Mandela en Kie dit van die buiteland? Sal buitelandse beleggers bereid wees om hierdie reusagtige bedrae in Suid-Afrika te belê, selfs al slaag ons om sosio-politieke omstandighede te skep wat aantreklik is om buitelandse kapitaal te lok? Ons het nie 'n

kat se kans om $12 000 miljoen per jaar te lok nie. Ek wonder of ons ooit $4 biljoen per jaar na Suid-Afrika sal lok. Is dit moontlik om ons ekonomie aan die gang te kry en 5 persent groei te haal met grandiose skemas van inwaartse industrialisasie soos met sekere scenarios voorgegee word? Skryf dit op julle Juppie magies en veeg dit met julle Juppie hempies af. **The Game is Up.**

Ons staar die konkrete moontlikheid in die oë dat as sanksies opgehef word en die tydperk van "Malign Isolation" beëindig word, ons 'n tydperk van "Benign Neglect" sal binnegaan. Indien dit gebeur sal ons bitter moeilik buitelandse beleggings na Suid-Afrika gelok kry.

Oor die strukturele ongelykhede en onregverdighede wat deur 120 jaar van apartheid diep in die Suid-Afrikaanse samelewing ingebed geraak het, wil ek liewer nie praat nie. Dit maak my te swartgallig. Onhoudbare strukturele ongelykhede bestaan in die verdeling van politieke mag, in die verdeling van ekonomiese mag en kontrole, in die verdeling van eiendom, in die verdeling van geleenthede en in die verdeling van inkome. Indien die gemiddelde inkome van blankes op die indeks van 100 geplaas word, is die gemiddelde inkome van Swartes slegs 11 ! Indien ons daarin wil slaag om 'n enigsins standhoudende demokratiese stelsel in Suid-Afrika te skep, sal sommige van hierdie strukturele ongelykheid uit ons apartheidsverlede eenvoudig uit die weg geruim moet word. Daarsonder kan 'n werkbare peil van stabiliteit nie herstel word nie. As u nie ter wille van Regverdigheid wil Herverdeel nie, aanvaar dan maar dat ons ter wille van Stabiliteit sal moet Herverdeel. Is u bereid om ter wille daarvan groot offers te maak?

Oor die uitbuitende, die onderdrukkende en die immorele karakter van apartheid hoef niemand meer te twyfel nie. Dit was 'n onmenswaardige beleid en die aaklige nalatenskap daarvan sit nog soos 'n kwaadaardige sweer in die "body politic" van die Suid-Afrikaanse samelewing. Dit is by verre nie genoeg om apartheidswetgewing af te skaf en om hofvaardig aan die miljoene verarmde Swartes te sê "sien kom reg" binne die raamwerk van 'n vrye markekonomie nie. Daar sal nie vrede wees voordat die sweer uit ons "body politic" so diep en so volledig as moontlik uitgesny is nie.



En wat sê Pres. de Klerk? Hy sê al probleem met apartheid was dat dit nie gewerk het nie! Apartheid was 'n fout van dieselfde orde as daardie soort foute wat alle politieke partye van tyd tot tyd maak. Pres. de Klerk weier volstrek om 'n politieke Bekering te ondergaan of te erken, hy weier volstrek om 'n Skuldbelydenis te maak, hy weier volstrek om hom en die NP tot Restitusie te verbind. Pres. de Klerk onderskat geheel en al hoe patologies siek die Suid-Afrikaanse samelewing ná 120 jaar van die immorele beleid van apartheid is. Sy beleidsmaatreëls lyk vir my soos die afskroef van blokke aan die been, terwyl die pasiënt dringend chirurgiese ingryping behoort te ondergaan.

Waarom is Pres. de Klerk nie bereid om hom tot Restitusie te verbind nie? Kan dit wees dat hy en sy Wit "constituency" te **bourgeois** en te materialisties geraak het om die "knock" wat dit sal meebring te kan vat? Ons het alle rede om te vrees dat dit wel die geval is. Ten spyte van die ekonomiese agteruitgang van die afgelope twee dekades en ten spyte van die troostelose vooruitsigte van die dekades wat voorlê, word die materialistiese lewenshouding en die bourgoeis-waardes van die blankes steeds aangeblaas en goedgepraat. Hoe 5 miljoen mense kan aanspraak maak op die hoë lewenspeile en op al die voordele van 'n Westerse Paradys op 'n kontinent wat besig is om weg te sink in die dryfsand van armoede en onder die gewig van 700 miljoen mense, gaan alle verstand te bowe. Hoe De Klerk en Kie kan voorgee dat 'n standhoudende skikking bereik kan word, sonder dat die blankes hulle verbind tot 'n grootskeepse afskaling van hulle lewenspeile, verraai 'n gevaarlike naïewiteit.

Die Wit Bougeoisie van Afrika - Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes inkluis - is reeds vir dekades lank besig om lustig hulle "swing" te vat ongeag die effek daarvan op ander landsgenote. Met behulp van groot Wit vaardigheid en Wit Kapitaal en met baie Swart Sweet op leë Swart mage, is Wit Oasisse in

Suid-Afrika gebou én statutêr vasgelê én met kaspirs teen Swart-indringing verskans. En die verwende kinders van die Wit Bourgeois dink steeds dat hulle al hulle rykdom "verdien" het en op die volle behoud daarvan kan aanspraak maak. Maar wat erger is, is dat daar in baie van die Wit Oasisse allerhande vestings van Wit Rykdom, Wit Mag, Wit Meerderwaardigheid en Wit Verligtheid gebou is. Kom ons kyk net hoe dit in vier van hierdie Wit Vestings van Bourgoeis-uitspattigheid en van Wit-Westerse Hooghartigheid daaraan toegaan.

In die Wit Oase van Johannesburg staan die hoë Commanding Heights van Oppenheimer en Kie. Vanaf die hoogte van hierdie enigste kapitalistiese "Toring" in Afrika, word oud-modiese liberalistiese idees met ongelooflike hooghartigheid gepropageer. Ek staan beskaamd oor hoe goed-opgeleide Stellenbosse studente hierdie liberalistiese idees vir soetkoek opvreet en in Wit Juppies omvorm word sodra hulle in Johannesburg arriveer! Nadat baie Boerseuns gekoöpteer geraak het in die finansiële voordele wat hierdie Commanding Heights bied, word daar sedert verlede jaar ʼn Totale Aanslag geloots om ook leiersfigure van die Vryheidsvegters van die ANC by hierdie voordele te koöpteer - met ʼn verstommende mate van sukses!

In die Wit Oase van Pretoria is ʼn hoë Burokratiese en Politieke Vesting gebou waar die pas-gearriveerde Afrikaner Elite hulle **petit-bourgeois** waardes skaamteloos ten toon stel - kompleet asof hul hul rykdom aanvaar as die regmatige weelde wat die leiers van ʼn uitverkore Afrikaner volk behoort te ontvang. As die snobs op die hoë Burokratiese Vesting van Pretoria tog maar net kon weet hoe ver hulle onderrok uithang! Pretoria, o Pretoria, oor jou sekurokratiese dwalinge gaan daar nog baie geween word!

In die Wit Oase van Wes-Kaapland het die selfgenoegsame Hoge Kaapse Afrikaners eweneens ʼn Kulturele Vesting van selfversekerheid en beterweterigheid gebou. Ag en hoe roem hierdie Hoge Kaapse Afrikaners tog nie op hulle vermeende Morele Meerderwaardigheid **vis-a-vis** hulle Noordelike volksgenote nie. En met hoeveel selfgenoegsaamheid dra die Kaapse Kulturele Burgery nie hulle Boodskap van Hervorming met Pamflette en M-Netheid landswyd uit nie! Hoe onkundig sou die res van die Wit Bourgeoisie nie gewees



het as die Keeromstraters nie vir hulle vertel het hoe onomkeerbaar F W se pseudo-hervorming is nie! En hoe seker is die Hoge Kaapse Afrikaners tog nie dat F W gaan "deliver" sodat hulle met hulle KWV en Rembrandt en hul Hoge Kulturele aktiwiteite kan voortgaan asof niks gebeur het nie!! Al waaroor die hoge Afrikaners in Pretoria en Kaapstad saamstem, is oor toekenning van hoge Akademie-pryse sodat die ontvangers van die eerbiedwaardige pryse nog hoër status in die betrokke Vestings kan beklee. Hoe ydel het die voorste vegters van ons Taal en ons Kultuur en ons Burgerstand Moraliteit tog nie geword nie!

Maar laat ons nie die Akademiese Vesting van Vermeende Verligtheid en Universitêre Uitnemendheid wat soos ʼn sieraad in die Wit Oase van Stellenbosch opgerig is, vergeet nie. Ag hoe blink hierdie Victoria Piek van Geleerdheid tog nie in sy vermeende glans teen die Son wat in die Suide oor die Suiderland ondergaan nie! Kan ʼn mens êrens ter wêreld ʼn meer kunsmatige, ʼn meer werklikheidsvreemde en ʼn meer genotvolle plek kry as hierdie Wit Vesting van vermeende Verligtheid en gewaande Geleerdheid? Kom ons gun die bewoners van hierdie Universitêre Vesting hulle plesiertjies. Hulle bedoel dit tog so goed en hulle is tog so offervaardig solank die "Hervorming" nie hulle witvelle, hulle wit veiligheid en hulle Juppie vooruitsigte in gedrang bring nie. Vasby manne, vasbyt. De Klerk sal "deliver". Die Universiteit van Stellenbosch het nie verniet aan hom ʼn Eredoktorsgraad gegee nie!

Dames en Here, ek het vir u slegte nuus - baie slegte nuus! As ons regtig op pad is na ʼn Nuwe en hopelik Demokratiese Suid-Afrika, sal ons mòèt gly. En as ons nie op pad na ʼn Nuwe Suid-Afrika is nie, sal ons soveel te meer moet gly. In die Nuwe Suid-Afrika sal daar geen plek wees vir ʼn Wit Bourgeoisie wat hooghartig in hoë vestings skuil en leef en meerwaardig op die res neerkyk nie.

Die Liberalistiese Juppies van Johannesburg sal fisies en ideologies uit die Commanding Heights moet gly. Die Blou-bul snobs van Pretoria sal fisies en ideologies uit hulle weelderige Burokratiese Vesting moet gly. Die Hoge Kaapse Afrikaners sal

eweseer fisies en ideologies uit hulle vermeende Morele Vesting moet gly. En die Verligtes in die Hoë Vesting van Akademiese Uitnemendheid op Stellenbosch, sal beslis ideologies uit hulle "Vesting" moet gly. Ons sal ons hooghartigheid, ons hoë standaarde, ons hoë aspirasies en vermeende intellektuele meerderwaardigheid nie kan handhaaf in 'n Nuwe Suid-Afrika nie. Ons sal móét gly. In die Nuwe Suid-Afrika sal daar vir die nuwe (en immorele) Blanke Seksionalisme geen plek wees nie. Ons sal móét gly.

Maar waarheen kan ons gly? Die Wit bewoners van die Hoë Vestings in die Wit Oasisse sal moet afgly grond toe ... afgly na die harde werklikheid. Ons sal moet gly na Afrika - nie na die Afrika noord van die Limpopo nie, maar na die Afrikan Suid van die Limpopo. Ons sal moet gly na Azania - daardie wye en droewe land aan die Suidpunt van Donker Afrika.

Die enigste manier waarop ons van ons hooghartigheid, van ons beterweterigheid, van ons meerderwaardigheid en ons akademiese slimmigheid ontslae kan raak, is om simbolies en konkreet te gly na die Soweto's en Crossroads en om ons dáár te vergewis van die nood, die aspirasies en die (geoorloofde?) bitterheid van die Kinders van Soweto. Ons sal uit ons hoë vestings moet gly na die "ander Suid-Afrika" - die Suid-Afrika van armoede, van ontneming, van bitterheid. Hopelik sal die goeie begrip van die ander Suid-Afrika ons kan genees van ons hoë bourgoeiskoors en van ons onversadigbare consumerism.

Die gly vanaf die Hoë Vesting na Azania is onontbeerlik. Die blankes sal groot opofferings in hulle lewenstyl moet maak ter wille van Restitusie en Herverdeling. Die blankes sal groot spaarsinnigheid aan die dag moet lê om die belegbare fondse te voorsien vir die herbou van ons swaar gekwesde ekonomie. Die blankes sal groot aanpasbaarheid aan die dag moet lê om hulle ekonomiese en tegnologiese en akademiese bedrywighede funksioneel vir al 38 miljoen mense van Azania te maak. Ons sal daarteen moet waak om nie té hoë lewenspeile met hoë standaarde te verwar nie. Standaarde moet ook nie misbruik word om té hoë lewenspeile in stand te probeer hou nie. Dit help nie om die Wit



oasisse kamtig "oop te stel" nie, terwyl die Wittes met hulle rykdom, vaardigheid en hooghartighede in die hoë Vesting bly wegkruip nie.

Die verwende Wit Kinders van Apartheid moet vir geen oomblik onder die illusie verkeer dat hulle kan gly van die Apartheidsbestel na Azania en dat hulle op 'n sagte landing kan aanspraak maak nie. Die lang verblyf in die Hoë Vestings in die Wit Oasisse het 'n valse bewussyn by die Wit Kinders geskep oor die ware aard van die werklikheid van Afrika Suid van die Limpopo en van menswees in hierdie land. Daar is net een manier waarop ons van hierdie valse bewussyn ontslae kan raak. Ons sal moet gly en val dat ons bars. Dan eers sal ons kan opstaan en saam met die kinders van Soweto as Suid-Afrikane kan begin bou aan die Nuwe Suid-Afrika vir al die 38 miljoen mense. Dan eers sal ons "mindsets" só geprogrammeer kan word dat ons geskik sal wees vir gesamentlike bewoning op die gelyk vlaktes van ons wye en droewe land, Azania.

Het ons rede om te wanhoop? Nee, waarom? As ons werklik patriotiese Suid-Afrikane is, gaan dit 'n grootse ervaring wees om na 339 jaar in die land uiteindelik in ons Moerderland - Afrika Suid van die Limpopo - te arriveer. Ons Bestemming was nog altyd Azania - tog jammer van die lang **detour** na Hoë Vestings en Wit Oasisse. Dié afdwalings is nou gelukkig verby - of ons dit wil erken of nie!

Laat diegene wat nie kans sien om na Azania te gly nie dan maar na elders gly! Maar gly sal ons moet gly. Kom ons gly na Azania voordat die Wit Vestings onder ons voete verkrummel en ons toeval. Kom ons gly uit ons Hoë Wit Vestings om nie soseer 'n Nuwe Suid-Afrika nie, maar 'n Beter Suid-Afrika - 'n Goeie Azania - vir al 38 miljoen Suid-Afrikane te probeer bou. Kom ons maak ons geestelik en intellektueel gereed vir die Groot Verhuising - Die Groot Gly én Hef-aan-lê voor!

Ek wens u almal 'n voorspoedige Migrasie toe.